

Donderdag 27 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20

Fokusgedeelte: Matteus 28:19; HK Sondag 26, Vraag 71

Die instelling van die doop

Christus se opdrag in Matteus 28:19 kan beskou word as die amptelike instelling van die Christelike doop. Dit beteken nie dat daar voor dié tyd nie gedoop is nie. By die Jode was daar die sogenaamde proselietedoop, waarvolgens mense wat heidene was en die Joodse geloof aangeneem het, gedoop is. Ook het Johannes die Doper die doop van bekering en vergewing van sondes bedien (Mark. 1:4). Daarby het Jesus se dissipels ook gedoop (Joh. 4:2).

Christus se opdrag in Matteus 28:19 om te doop as deel van sy sendingbevel gee egter aan die doop 'n nuwe betekenis, omdat dit gegrond is op en voortvloei uit sy soenverdienste aan die kruis en sy oorwinning oor die dood. So het die doop in die plek van die besnydenis gekom.

Om in die naam van iemand gedoop te word, beteken dat die dopeling in 'n besondere gemeenskap tree met en onder die seggenskap of heerskappy gestel word van die persoon in wie se naam hy gedoop is. Die feit dat die Naam van die Drie-enige God by die doop genoem word, beteken dat die volle verlossing en redding van die dopeling daardeur aangedui word. Dit blyk baie duidelik uit die doopsformulier wat verklaar:

- “As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig.” Deur die doop maak God Homself tot ons Bondgenoot in die strydperk van die lewe wat ons nooit in die steek sal laat nie. Verder neem Hy ons deur die doop aan “tot sy kinders en erfgename”. Wat 'n ontsettende rykdom is dit nie! Deur die doop verseker Hy ons verder dat Hy ons “met al die goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik”. Hy sal ons dus ons daaglikse brood gee en alles vir ons ten goede laat meewerk (Rom. 8:28).
- “As ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons so van al ons sondes was – waarmee Hy ons in sy dood en op-standing inlyf – dat ons van ons sondes bevry en regverdig voor God gereken word.” Daarom kan ons om die vergewing van ons sondes bid.
- As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons dat Hy sal sorg dat ons as uitverkorenes van God eenmaal on-bevlek voor Hom sal verskyn. Hy waarborg ons dat ons nooit verlore sal gaan nie, maar in die geloof sal volhard tot die einde toe. Daarom kan ons daarvan seker wees dat ons verhoor sal word as ons bid: “Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose.”

So gee die doop aan ons 'n wonderlike troos en bemoediging.